



November 2020

### Geagte voornemende Wonnie!

Baie geluk dat jy Die Hoërskool Wonderboom gekies het. Jou hoërskooljare lê nou voor jou, tesame met al die geleenthede wat ons skool bied. In die jare wat kom, sal jy baie geleenthede in Wonnieland hê en jy kan na hartelus hierdie geleenthede gebruik om jou potensiaal te ontgin.

Jy sal suksesvol wees as jy vashou aan die waardes van ons skool soos dit ook hieronder uitgebeeld word. Ons skool en jou sukses lê opgesluit in die feit dat ons waardes ons kosbaarste besitting is.

In hierdie brief wil ons net 'n paar brokkies inligting deurgee, wat belangrik is vir die begin van volgende jaar.

Aan die begin van volgende jaar sal jy 'n netjiese en bruikbare dagboekie met die jaar se program en aktiwiteite daarin, ontvang. Jy sal ook belangrike inligting soos die skool se gedragskode agterin jou dagboek vind.

### COVID-19 MAATREËLS

Omdat ons almal maar onseker is oor watter maatreëls sal geld as gevolg van die Covid-19 pandemie beplan ons vir al die moontlikhede. Jy en jou ouers kan egter ontspan - die inligting rakende enige verwikkelinge sal duidelik aan julle gekommunikeer word. Sommige van die reëlings soos dit hier verskyn, kan as gevolg van nuwe Covid-19 wetgewing, verander.

### SKOOLKLERE

Hier is die nodige inligting met betrekking tot die skoolklere vir volgende jaar: Die verskaffers waar jou nuwe skoolklere gekoop kan word, is hoofsaaklik **Totiusdal Handelshuis (hoofverskaffer) in die Waverley-sakesentrum in Codonialaan, Overkruin Uitrusters in Magalieskruin in Braam Pretoriusstraat, en Select Uitrusters in Soutpansbergweg (oorkant Queens Corner) in Queenswood. Hulle weet watter klere vir jou nodig is om aan te skaf.**

- **Skoolkleurbaadjie:** Dit is verpligtend vir alle Gr 8's. Die rede hiervoor is dat ons volgende jaar met ons drag en gedrag wil uitstaan as ware ambassadeurs vir ons skool.

Kleurbaadjies sal tot einde Desember teen spesiale aanbod by Totiusdal Handelshuis beskikbaar wees:

Grootte:	82-86	R640.00
	87-97	R650.00
	102-112	R660.00
	117-122	R850.00

- **Wonniedrag:** Hierdie is ondersteunersdrag wat Wonnies aantrek om gemaklik en eenvormig te wees. Wonniedrag sluit ook die korrekte tekkies en kouse in.
- **Sweetpak:** Die sweetpak word slegs tydens sportgeleenthede gedra.
- **Tasse:** Tasse moet groot genoeg wees; versterk wees en genoeg afskortings binne-in die tas hê.
- **Huishempie:** Jy sal van volgende jaar af in een van die vier huise van die skool ingedeel word. Jou spesifieke huis sal in Januarie aan jou gekommunikeer word – alle Graad 8-inskrywings moet eers vanaf die departementele aanlynstelsel gefinaliseer word. Jy moet saam met jou skoolklere 'n huishempie koop. Die hempies sal by Totiusdal Uitrusters beskikbaar wees.

- **Ons weet sommer dat jy jou skoolklere van groen en goud met trots sal dra!**
- **Goeie, gebruikte skoolklere is op Donderdag 21 Januarie en Vrydag 22 Januarie 2021 teen 'n billike bedrag by die skool te koop. Covid-19 maatreëls bepaal dat klere nie aangepas mag word nie. Ouers moet hulleself dus deeglik vergewis van hulle kinders se groottes.**
- **Maak asseblief seker dat alle klere duidelik gemerk is.**

---

### KLREBANK

Die skool beskik oor 'n klerebank. Die doel van die klerebank is om klere te voorsien aan leerders uit behoeftige gesinne. Die klerebank sal op 7 Desember en 21- en 22 Januarie oop wees vir bogenoemde leerders. Ten einde toegang tot die klerebank te verkry, moet ouers eers hul aansoek tot subsidie/vrystelling by me. Benninghof inhandig. Ouers sal dan 'n brief ontvang as bewys dat u vrystellings-dokumente ingehandig is. Toon asb. hierdie brief aan die dames by die klerebank.

---

### AANSOEK TOT SUBSIDIE/VRYSTELLING VAN SKOOLGELDE

Aansoeke tot subsidie/vrystelling van skoolgeld (2021) kan reeds nou tot die 15de Desember gedoen word. Kontak gerus me. Benninghof by [invorderaar@wonnies.co.za](mailto:invorderaar@wonnies.co.za) om die nodige aansoekvorms te verkry. U aansoek moet vergesel wees van die volgende dokumente:

1. Gesertifiseerde afskrifte van geboorte-sertifikate van al die leerlinge van die gesin wat in skole (hoër- en laerskole) is.
2. Gesertifiseerde ID-afskrifte van albei biologiese ouers/wettige voogde.
3. Die laaste 3 maande se salarisstrokie (September 2020 – November 2020) van albei biologiese ouers/wettige voogde.
4. Ses maande se bankstate (Junie 2020 – November 2020) van albei biologiese ouers/wettige voogde.
5. Ouers wat hulle eie besigheid het, moet 11 maande se bankstate inhandig (Januarie 2020 – November 2020).
6. Indien een of albei biologiese ouers/wettige voogde geskei is, moet afskrifte van die egskedingsbevel/hofbevel aangeheg word.
7. Indien een van die biologiese ouers oorlede is, moet 'n afskrif van die doodsertifikaat aangeheg word.

Indien een of beide biologiese ouers/wettige voogde werkloos is, moet die volgende dokumente ook aangeheg word:

1. 'n Affidavit wat bevestig dat die ouer/s werkloos is.
2. Indien een of albei biologiese ouers/wettige voogde SASSA-gelde ontvang (t.o.v. leerlinge) moet 'n brief van SASSA wat die maandelikse bedrag bevestig, aangeheg word.

Indien daar 'n subsidie-aansoek voltooi word t.o.v. 'n leerder in pleegsorg, moet die volgende dokumente ook aangeheg word:

1. Gesertifiseerde afskrifte van geboorte-sertifikate van al die leerling/e wat Die Hoërskool Wonderboom is.
2. Gesertifiseerde ID-afskrifte van die pleegouer/s.
3. 'n Afskrif van die hofbevel wat aandui die leerling/e in die pleegouers se sorg is.

---

### AANMELDING BY SKOOL: Maandag, 25 JANUARIE en Dinsdag 26 JANUARIE 2021 OM 09:00

- Jy word versoek om asseblief op bogenoemde dae en tye by die skool aan te meld. Die Matriekraad wil jou graag ontvang en vroegtydig 'n bietjie touwys maak, sodat die inskakeling, wanneer die skool op 27 Januarie 2021 begin, makliker kan verloop.
- Julle behoort ongeveer 13:00 elke dag klaar te wees.

- Jy trek gewone klere (soos in die vakansie, maar netjies) aan as jy op beide dae skool toe kom.
- 'n Oriënteringsprogram wat bedoel is om jou in te skakel by jou nuwe skool, sal dan plaasvind. Jy sal dit geniet – jy kan sommer nou al besluit dat dit lekker gaan wees!

---

### OUERKENMEKAAR, DINSDAG, 26 JANUARIE OM 17:30

---

- In Hoofsaal (Hoof , personeel en ouers) om 17:30.
- Om 18:15 is 'n braai en kenmekaar.
- Ouers bring: Stoele, eetgerei, vleis en koeldrank.
- Skool verskaf: Slaaie en vuur.

---

### GROENTJIEKONSERT

---

- 12 en 13 Februarie 2021 om 18:00
- Reëlins rakende die konsert sal met die graad 8's gekommunikeer word.

---

### SKOOLTYE

---

- Begin: 7:25 (Leerders moet reeds 7:30 in die klas/saal/vierkant sit)
- Sluit: 14:00

---

### SPORT- EN KULTUURBURO

---

- Die Hoërskool Wonderboom neem op sportgebied teen topskole deel en wil graag hê dat jy betrokke sal wees!
- Sorg maar solank dat jy tydens die vakansie oefen om te voorkom dat jy 'n agterstand het, wanneer die skool begin. Indien jy reeds by een van die sportakademies van die skool betrokke geraak het, sal jy 'n voorsprong hê! Dit is egter nie te laat om te begin nie! Jy kan kontak maak met die sportorganiseerders en die inligting ontvang oor die sportoefeninge waarby jy reeds betrokke kan raak. Hulle is mnr. J Janse van Rensburg vir rugby by [rugby@wonnies.co.za](mailto:rugby@wonnies.co.za), mnr. E Jordaan vir atletiek by [atletiek@wonnies.co.za](mailto:atletiek@wonnies.co.za) en me. M Shrives vir netbal by [marietteshrives@gmail.com](mailto:marietteshrives@gmail.com), me. Van Niekerk by [hokkie@wonnies.co.za](mailto:hokkie@wonnies.co.za).
- Let asseblief daarop dat Donderdag, 28 Januarie 2021, gebruik word vir die Gr 8-atletiek- sowel as swemuitdunne. Indien die Covid-19 regulasies dit toelaat, sal die Interhuis Atletiekbyeenkoms op Maandag 1 Februarie, plaasvind
- Sekere keurings rondom kultuuraktiwiteite het reeds plaasgevind, maar gr 8's sal gedurende 2021 voldoende geleentheid kry om deel te neem.

---

### SKOOLGELD VIR 2021

---

Hierdie is meer vir Pa en Ma se aandag! Hierdie is die skoolgeld soos vir 2021 voorgestel.

U is volgens die skolewet veronderstel om u paaiemente per maand vooruit te betaal voor die 4de van elke maand. Indien u nie kan nie, moet u betyds 'n reëling met die finansiële kantoor tref.

**U onkoste beloop: Elf (11) gelyke paaiemente van R1670.00 per maand**

- **Kostestruktuur vir meer as een kind:**

1	1ste Kind : R18 370 : JAN – NOV: R1 670 vir 11 maande
2	2de Kind : R17 270 : JAN – NOV: R1 570 vir 11 maande
3	3de Kind : R16 170 : JAN – NOV: R1 470 vir 11 maande

- Die volgende is onder meer **ingesluit**: Alle sentrumgelde, leeskursus (Gr 8), reiskostes van leerders vir ligas, harde kopie-handboeke ens. volgens die begroting.

- Die volgende is **uitgesluit**: Skrifte, werkboeke (Rek. en Wisk), foie vir spesialis-vakke soos musiekprakties, bykomende toere, kampe, uitstappies, jaarblad, foto's, koor en skoolklere.
- Indien u voor of op 28 Februarie 2021 u skoolfonds ten volle vereffen, ontvang u 'n korting van R1000 per leerder.
- Weens die veiligheidsrisiko en hoër bankkoste beveel ons aan dat u van 'n DEBIETORDER en/of internetfasiliteit gebruik maak. Die skool sal vroeg in 2021 met u 'n betalingsooreenkoms aangaan, indien u maandeliks betaal. Ouers ontvang 5% korting op hul maandelikse skoolgeld indien hulle van die debietorderfasiliteit gebruik maak. **DEBIETORDERVORMS is by die FINANSIËLE kantoor beskikbaar ([finansies@wonnies.co.za](mailto:finansies@wonnies.co.za)).**
- Die skoolgeld vir Januarie 2021 is betaalbaar in die eerste skoolweek. Omdat skoolgeld vooruitbetaalbaar is, is Februarie se skoolgeld reeds einde Januarie betaalbaar.
- Let ook op die volgende belangrike aspekte rakende skoolgelde:
  - Geen registrasiegeld is vir 2021 betaalbaar nie. (Skoolgeld is 11 gelyke betalings)
  - D6 se kontantlose betalings word deur die "e-wallet" gedoen.
    - ✓ Konnekteer op die grys D6 Connect App (nie blou of rooi nie)
    - ✓ Stap 1: Drop down ☰
    - ✓ Stap 2: Leerder
    - ✓ Stap 3: Koppel
    - ✓ Stap 4: ID - Ouer, ID - Leerder, (As stap 4 nie wil koppel nie, is die ID aan u kant of op die vorm by die skool verkeerd en moet eers gekorrigeer word)
    - ✓ Stap 5: OTP kode, lees in en druk stuur
    - ✓ Stap 6: Druk op die leerder se naam
    - ✓ Stap 7: Geniet al die kommunikasie van die skool rakende u kind
- Skoolgelde is betaalbaar via D6 en/of internet-bankdienste. Gebruik altyd die unieke familiekode wat u kind ontvang, as verwysing.

---

## PRESTASIEBEURSE

---

Inligting oor prestasiebeurse sal aan die begin van 2021 beskikbaar gemaak word.

---

## SKRIFTEPAKKET

---

Die pakkette soos hier onder genoem, is te koop by die skool vanaf 28 November 2020 tot 4 Desember 2020 en weer in die eerste week van die skool: 25-29 Januarie 2021.

Kontak gerus me. Grobbelaar by [grobelaar.r@wonnies.co.za](mailto:grobelaar.r@wonnies.co.za) om u bestelling te plaas.

LEERAREA	GRAAD 8
	<b>Pakket: R120-00</b>
<b>AFRIKAANS HUISTAAL</b>	1 x 288 bl hardebandboek
<b>ENGELS EERSTE ADDISIONELE TAAL</b>	1 x 192 bl. hardebandboek 1 x A4 toeknip-plastiekkoevert 1 x eksamenblok 1x groen plastieklêertjie
<b>WISKUNDE</b>	1 x 288 bl. hardebandboek Sakrekenaar: Casio fx-82ES Plus of Casio fx-82 ZA Plus ( <b>nie ingesluit in pakket nie</b> ) Passerstel en gradeboog ( <b>nie ingesluit in pakket nie</b> )

<b>SOSIALE WETENSKAPPE</b>	2 x 72 bl. skrif
<b>EKONOMIESE- EN BESTUURS- WETENSKAPPE</b>	1 x 72 bl. skrif Werkboeke is te koop in die klas in 2021 ( <b>Nie deel van skoolgelde nie</b> )
<b>NATUURWETENSKAPPE</b>	1 x 72 bl. skrif
<b>TEGNOLOGIE</b>	1 x 72 bl. Skrif
<b>LEWENSORIËTERING</b>	1 x 32 bl. skrif
<b>SKEPPENDE KUNS: DRAMA</b>	1 x 32 bl. skrif
<b>SKEPPENDE KUNS: KUNS</b>	1 x 192 bl. hardebandboek Die onderwyser sal deur die jaar aandui watter van die onderstaande benodig word: ( <i>Inkleurpotlode: pak van 12</i> <i>Filtpenne: 1 pak</i> )

Ouers kan ook ekstra boeke aanskaf teen die volgende koste:

Hardebandboeke: 288 bl. @ R20-00, 96 bl. @ R10-00, 192 bl. @ R15-00;

Skrifte: 72 bl. @ R5-00

Plastieklêertjie: @ R5-00

---

### WERKBOEKE 2021

Die volgende werkboeke is nie ingesluit in die skoolgelde nie en sal self, in 2021, by die onderwyser aangekoop moet word: Rekeningkunde @ R70.00; Wiskunde @ R60.00

---

### WEBTUISTE

Gaan besoek gerus ons webtuiste by [www.wonnies.co.za](http://www.wonnies.co.za) en laai ons D6 Communicator af. Hierdeur kry u toegang tot die nuutste nuus en selfs u kind se punte!

---

### SLUITKASTE

Sluitkaste sal gedurende die tweede skoolweek in Februarie 2021 teen R310.00 per jaar vir die groot sluitkaste en R260.00 per jaar vir die klein sluitkaste beskikbaar wees. Die IT-kantoor sal leerders hiermee bystaan.

---

### TEN SLOTTE

Ons sien daarna uit om jou hier by Die Hoërskool Wonderboom te ontvang. Dit sal vir ons 'n voorreg wees om saam met jou die ongelooflike potensiaal waarvoor jy beskik, te ontwikkel.

Ons vertrou saam met jou dat jy 'n suksesvolle afsluiting van jou laerskoolloopbaan sal ervaar. Die Hoërskool Wonderboom wens jou ook 'n baie geseënde Kersfeesyd saam met jou familie toe.

Ons bid dat die Here se seën op jou en jou familie sal rus.



MNR M LEZAR

HOOF